## 2 Junie Matteus 5:43-48

### *Ook my vyande?*

'n Mens kan mos nie aan jou vyande liefde bewys nie. Iemand wat jou kwaad aandoen is mos nie 'n mens se liefde werd nie!

Is dit waar? Wat sou dan van ons verwag word? Was ons enigsins God se liefde waardig? Het Jesus Christus nie vir ons gesterwe, toe ons nog sy vyande was nie? (Rom. 5:10). God se liefde is aan ons bewys, toe ons dit onwaardig was en geensins verdien het nie. En nou sê die Here baie duidelik in Matt 5:48: "...Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is..."

Jesus Christus leer sy dissipels en volgelinge om anders op te tree as wat die Fariseërs en die Skrifgeleerdes die mense geleer het. Sy kinders moet hulle vyande liefhê en hulle moet vir diegene wat hulle vervolg, bid. God se kinders moet juis anders optree as die mense van die wêreld. Hulle is selektief in die wyse waarop hulle teenoor ander optree. God doen dit nie! Hy laat immers Sy son en Sy reën oor slegtes en goeies kom.

Jesus Christus het, terwyl Hy aan 'n houtkruis gehang het, vir sy vyande gebid: "...Vader vergewe hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie..." God verwag dat hierdie selfde gesindheid ook in Jesus Christus se navolgers se harte en lewens sal sigbaar word.

Die sonde moet 'n mens haat, maar die sondaar moet jy liefhê. Per slot van sake. As dit nie vir God se genade was nie, was dit jy!

Sing: Psalm 133:1, 2 Ds. C.N. van der Merwe (Klerksdorp)